# *ELJADA HUIS MSW*

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

17 Januarie 2013

Dagsê Almal

Die vakansie het my gevul met nuwe energie terwyl ek so bevoorreg was om by die see te gaan ontspan. Maandag het almal ingestap en was baie bly dat die huis weer "oop" is, want dit was blykbaar maar vervelig by die huis.

Met die aanbreek van die jaar is daar natuurlik baie behoeftes wat aangespreek moet word en ek begin by die skryfbehoeftes en skoolklere wat maar in elke huishouding 'n noodsaaklikheid is. Ek gaan vandag die skryfbehoeftes bestel vir almal wat hier is. Die kinders wissel van Gr. 0 tot Gr. 11 en die lys is by my beskikbaar indien u kans sien om te help.

Kom kuier gerus en sien hoe mooi is die huis geverf buite. Baie dankie Martin vir hierdie wonderlike geskenk – dit is heerlik om in so 'n mooi plek te bly en werk. Die veranderinge en aanbouings gaan ook binnekort begin en Dawid wat die projek bestuur is werklik baie bekwaam en doen dit met oorgawe. Baie dankie aan jou ook. Indien u 'n bydrae daartoe wil maak kontak my gerus veral aangesien die behoefte vir 'n inloop yskas al hoe groter word.

Petro het ook Maandag begin as my assistent en is besig om die kombuis behoorlik onder beheer te kry. Haar sagte maar ferm hand is klaar besig om 'n verskil te maak om die mense te leer van skoon en aan die kant maak. Selfs die vensters het gister aan die beurt gekom. Sy maak 100% suiwer groentesap indien u sou belangstel. Ek sal meer besonderhede op die webblad plaas.

Terwyl ek in die kombuis is het ons einde verlede jaar afgesluit met leë kombuiskaste en ons baie groot behoefte is suiker, macaroni, spaghetti, broodjiesmere (Bovril, konfyt, grondboontjiebotter, stroop, boksmelk, koffie, rooibostee, speserye en dan blikkieskosse waarvan ons byna niks het nie – vis, bully beef, gemengde groente, baked beans en ander. Ons badkamerbehoefte is ook baie groot. Ons het geen sjampoo en onderarm spuitgoed vir dames nie. Baie dankie by voorbaat.

Die knielkussing projek is 'n reuse sukses. Bernina het aangebied om vir ons die borduurmasjien wat ons benodig te skenk indien ons 'n tweede een kan koop en die Here was so goed vir ons dat met die TV verskyning het ons presies die nodige fondse daarvoor ontvang en word dit dus ook deel van ons werkskepping. Dit beteken ook dat

ons dan ander borduurwerk sal kan doen.

Ek is onbeskryflik dankbaar vir alles wat die Eljada Huis in 2012 ontvang het en die bewys dat die Here waarlik sorg en voorsien was byna daagliks sigbaar. In hierdie vertroue begin ek dan 2013 met die wete dat ons gehoorsaamheid aan ons Skepper ons ryklik gaan beloon. Ook vir elkeen wat hand en hart vir ons gegee ‘n groot dankie. Rustige week.

Eljada Huis groete

Annatjie